

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 26

25 Junie 2023



Die WAARHEID sal veroorsaak dat baie jou haat

'n Toonaangewende bediening se visie verklaar om “kerke te skep waarvan ongekerkte mense sal hou”. Dit is 'n hoogs prysenswaardige doelwit.

Bied die ware Jesus

Kom ons bied die ware Jesus aan, die Jesus wat saam met veragte tollenaars en prostitute geëet het. Kom ons demonstreer ware, Nuwe Testamentiese liefde, die soort liefde wat die uitgeworpenes omhels en mense ontmoet waar hulle is. Jesus het immers gesê dat Hy gekom het “om te soek en te red wat verlore is” (Luk 19:10). Laat ons dieselfde filosofie aan die dag lê en skynheiligheid, eiegeregtigheid en hovaardige gesindhede vermy. Elke gemeenskap van gelowiges moet daarna streef om Jesus se voorbeeld uit te leef, hetsy in selgroepe, by die werk, tydens vakansie tye, in ons woonbuurte, in kerkbyeenkomste of waar jy jou ook bevind.

Laat ons nie bekend wees vir haatlikheid nie

Laat ons nie bekend wees vir haatlikheid of dat ons kleingeestige mense is omdat ons onvriendelik is en neersien op ander of “te goed” vir ander is nie. Laat ons liefs bekend wees as volgelinge van Jesus eerder as lede van 'n politieke party; as wedergebore gelowiges eerder as regse of (linkse) ideoloë. Soos Jesus ons vermaan het: “Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik” (Matt 5:16). Of, soos Petrus dit stel: “Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening” (1 Pet 2:12).

Laat ons aan ons vrugte geken word

Laat ons bekend wees vir ons goeie werke – vir ons vriendelikheid en deernis, dat ons die armes en behoeftiges help, dat ons standpunt inneem vir geregtigheid en onreg bestry. Laat ons dit uitleef tot eer en verheerliking van God en tot voordeel van 'n lydende wêreld.

Moenie mislei word nie

Laat ons egter nie onself mislei nie. Diesefde wêreld wat vir Jesus gehaat het, sal ons ook haat. Dieselfde mensdom wat in Jesus se tyd die duisternis bo die lig gekies het, word steeds vandag na die duisternis aangetrek. Moenie jouself bluf nie. Soos Jesus vir sy dissipels gesê het: “'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. 'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar. As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie?” (Matt 10:24-25). En ook: “As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem” (Joh 15:18-20). (vervolg)

Gemeente en algemene voorbedding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en student. Ook die wat met eksamens besig is – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom en water krisis..

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|-----------------------|
| • Lottie Conradie | Cedric Wiegand |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Tannie Martie de Beer |
| • Jaco Steenkamp | Monty Pienaar |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen Lamont |
| • Stefaans du Plessis | Piet Venter |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Benny Jansen |
| • Petrus Venter | Jillian Jansen |

Ons innige medelye met die familie en vriende van Ina van der Merwe met haar afsterwe.

Gedagte vir die week

**Wanneer U Woord vir mense oopgaan, bring dit lig;
dit gee insig aan dié wat nog onervare is. – Spr 119:30**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org